higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1610(**A**)(J8)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

REISDIENSTE N6

(22030086)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

BENODIGDHEDE **Februarie 2017 GSA-tydskrif en uittreksels uit webwerwe.**

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 13 bylaes.

Copyright reserved

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISDIENSTE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie nagesien wil hê nie moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Toon ALLE berekenings.
6. ALLE berekeninge moet tot die naaste TWEE desimale plekke afgerond word.
7. GEEN afronding (behalwe dié in instruksie 6) word in enige vraag vereis nie, behalwe waar spesifieke instruksies om dit te doen gegee word.
8. Die gebruik van korreksievloeistof of potlood op enige dokumentasie word nie toeglaat nie.
9. ALLE BYLAES wat voltooi word, moet AANMEKAAR GEKRAM en in die ANTWOORDBOEK ingevoeg word.
10. Kommissie moet teen 10% bereken word, behalwe waar dit anders op die vraestel of bylaes aangedui word.
11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Gee 'n woord/term vir elk van die volgende beskrywings:

1.1 Die regterkant van 'n skip wanneer jy na die voorkant van die skip kyk

1.2 Goedkoop akkommodasie vir jongmense

1.3 Tjeks wat op buitelandse bankrekenings getrek is

1.4 Die koste wat aangegaan word ongeag of die diens gebruik word of nie

1.5 'n Verbindingsdeur tussen twee hotelkamers

1.6 Die tipe versekering wat passasiers dek wanneer hulle hul reis moet kortknip

1.7 Die tipe motorbewys met die woord VOLLE daarop geskryf

1.8 Wanneer 'n motor in een stad afgehaal en in 'n ander terugbesorg word

1.9 Akkommodasie-instelling waar die gaste hul eie kos en drank bring

1.10 Die instelling wat die beweging van geld oor Suid-Afrikaanse heen reguleer

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die buitelandsevaluta-toelae vir 'n 16-jarige is …	A	30
		B	15%
2.2	Kommissie op 'n verwysingsmotorhuurbewys ** is …	C	10
2.3	Buitelandse valuta moet binne ... dae vanaf terugkeer na Suid-Afrika terugverkoop word.	D	18
		E	14%
2.4	'n Driedubbele kamer kan ... mense akkommodeer.	F	R200 000
		G	2 to 5
2.5	Die prystoeslag op 'n toer is gewoonlik … %.	H	3
2.6	Die grootste bedrag in rand wat uit Suid-Afrika uitgeneem kan word, is …	I	10%
		J	R30 000
2.7	'n Groeptarief word vir ... of meer mense aangebied.		
2.8	'n Skeepsvaart vir kinders onder die ouderdom van ... is gratis.		
2.9	Die persentasie BTW wat in Suid-Afrika betaalbaar is, is …		
2.10	'n Besparingsmultirit-treinkaartjie is geldig vir ... passasiers wat saamreis.		

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

VRAAG 3: TOERBEPLANNING EN -BEGROTING

Jy is 'n reiskonsultant by Trek Africa Tours and Travel in Johannesburg. Jy het die volgende reisreëlings vir jou kliënte, mnr B. Obama en mev M. Obama getref.

Jy moet die volgende finale koste vir die toer bereken (per persoon).

Lugreisgeld	JNB–MRU–SIN–HKD–JNB	ZAR28 000 (insluitend 5% kommissie)
Lughawebelasting		ZAR8 900
Agent se prystoeslag		15%

Alle ander onkoste soos visa's, etes, uitstappies, ens. is nie by die toeprys ingesluit nie.

VERVOER (netto tarief per persoon een rigting)

Mauritius	MUR100
Singapoer	USD50
Hongkong	HKD230

AKKOMMODASIE (netto tarief per persoon vir die volle verblyf)

Mauritius	MUR3 000
Singapoer	USD2 400
Hongkong	HKD5 500

BESIGTIGINGSTOERE (netto tarief per persoon)

Mauritius	Glasbodemskuit	MUR1 000
	Port Louis Mark	MUR500
Singapoer	Sentosa Eilandtoer	USD300
Hongkong	Kultuur in die stad	HKD1 200

Raadpleeg BYLAE A (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

3.1 Bereken die koste van die grondreëlings in elke stad in die volgende geldeenhede:

3.1.1 MUR

3.1.2 USD

3.1.3 HKD

(3 × 4) (12)

3.2 Bereken die totale koste van die grondreëlings in ZAR. (10)

3.3 Bereken die totale koste van die TOER. Jy kan enige een van die drie metodes gebruik. (6)

Kopiereg voorbehou

3.4 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking sal verdien. Gebruik enige van die drie metodes. (3)

3.5 Gee die valutakode vir die volgende geldeenhede:

3.5.1 Deense krone

3.5.2 Keniaanse sjilling

3.5.3 Australiese dollar

3.5.4 Sjinese joean

3.5.5 Botswana pula

(5 × 1) (5)

3.6 Verduidelik die volgende terme:

3.6.1 Vaste koste

3.6.2 Veranderlike koste

(2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 4: BUITELANDSE VALUTA

Mnr S. Malema gaan later vanjaar n Afrika en die Verre-Ooste reis. Jy het die volgende reisreëlings vir hom getref:

Vliegkaartjie	(JNB–NBO–CAI–BKK–SIN–JNB)	ZAR48 300
Visum		ZAR900
Akkommodasie		
Nairobi		KES5 500
Kaïro		USD2 550
Bangkok		THB6 300
Singapoer		SGD4 100

Raadpleeg die bladsy met wisselkoerse op BYLAE A (aangeheg).

4.1 Bereken die totale bedrag wat mnr Malema vir sy reisreëlings moet betaal (toon alle berekenings). (13)

4.2 Watter bedrag in buitelandse valuta het mnr Malema nog beskikbaar? (2)

4.3 Mnr Malema wil sy volle oorblywende reistoelae gebruik, soos hier onder uiteengesit.

Bereken die bedrae.

4.3.1 30% in KES kontant (4)

4.3.2 15% in USD reisigerstjeks (4)

Kopiereg voorbehou

4.3.3 20% in THB kontant (4)

4.3.4 35% op kredietkaart (1)

4.4 Mnr Malema keer van sy reis terug en wil die volgende valutabedrae terugruil.

Bereken die ZAR-bedrae wat hy vir elk van die volgende sal ontvang:

4.4.1 KES1 330 kontant

4.4.2 USD990 in reisigerstjeks

4.4.3 THB500 in reisigerstjeks

4.4.4 SGD2 500 in kontant

(4 × 3) (12)
[40]

VRAAG 5: MOTORHUUR EN BOOTREISE

MOTORHUUR

Mnr H. Mahlangu gaan 'n motor in Johannesburg huur. Hy wil die motor op 1 Oktober om 06:00 by Johannesburg se lughawe afhaal. Hy gaan Bloemfontein toe ry en die motor op 7 Oktober om 06:00 by Bloemfontein-lughawe teruggee. Hy wil 'n motor met lugversorging en maksimum versekering hê. Hy gaan altesaam 1 000 km gedurende sy huurtydperk ry. Mnr Mahlangu verkies dat die koste op sy rekening by jou agentskap vereffen word.

Raadpleeg die lys van Europcar se standaardkwytskeldings in BYLAE B (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Watter motorgroep sal jy vir mnr Mahlangu aanbeveel? (1)

5.2 Bereken die koste van die motorhuur vir mnr Mahlangu. (10)

5.3 Hoeveel kommissie gaan jou agentskap vir die motorhuur verdien? (3)

5.4 Reik die motorhuurbewys op BYLAE I (aangeheg) uit. BYLAE J (aangeheg) is 'n ekstra bewys indien nodig. Die besprekingsnommer is EUR9201.

Skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie wat daarvoor voorsien word op die BYLAE neer, maak dit los van die eksamenvraestel en plaas dit binne-in jou ANTWOORDBOEK om in te handig. (12)

Kopiereg voorbehou

BOOTREISE

Mnr Costa en sy vrou wil 'n bootreis in Suid-Afrika bespreek. Hulle wil die goedkoopste bootreis hê wat beskikbaar is, asook die goedkoopste kajuitkategorie moontlik.

Raadpleeg BYLAE C (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

5.5 Gee die nommer van die bootreis wat jy gekies het. (2)

5.6 Bereken die totale koste van die bootreis vir ALBEI passasiers. (3)

5.7 Bereken die kommissie wat jou agentskap op die bespreking sal verdien. (3)

5.8 Noem die aanloophawens. (1)

5.9 Gee die datum, tyd en plek van vertrek. (3)

5.10 Noem TWEE faktore wat die koste van 'n bootreis kan beïnvloed. (2)
[40]

VRAAG 6: INTERNASIONALE HOTELBESPREKINGS

Jy is 'n reiskonsultant by Trek Africa Tours and Travel in Johannesburg. Mnr P. Prince het jou gevra om vir hom akkommodasie in Londen te reël. Hy wil op 2 Desember inteken en weer op 6 Desember uitteken. Hy is besig om vir 'n marathon te oefen en het gevra vir 'n hotel met 'n gimnasium. Hy gaan sy rekening met sy Diners Clubkaart vereffen (kaartno. 3034 1719 9325 4302, vervaldatum 08/19). Sy bevestigingsnommer is HO231Z.

Raadpleeg BYLAE D (aangeheg) en BYLAE E (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

6.1 Watter hotel sal jy vir mnr Prince voorstel? (1)

6.2 Wat sal die volle akkommodasiekoste in die volgende geldeenhede wees?

6.2.1 GBP (2)

6.2.2 ZAR (3)

6.3 Watter maaltye het jy by die tarief wat jy kwoteer het, ingesluit? (1)

6.4 Noem enige DRIE geriewe wat mnr Prince by die hotel kan gebruik. (3)

6.5 Bereken die kommissie wat jou agentskap op die bespreking gaan verdien. (3)

6.6 Voltooi die hotelbewys op BYLAE K (aangeheg).

Skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie wat op die BYLAE daarvoor voorsien word, maak dit los van die eksamenvraestel en plaas dit binne-in jou ANTWOORDBOEK om in te handig. (15)

Kopiereg voorbehou

6.7 Beskryf die ligging van die hotel aan mnr Prince. (2)

6.8 Gee die stergradering van die hotel wat jy gekies het. (2)

6.9 Watter ander verpligte koste moet by die kamertarief gevoeg word? (2)

6.10 Verduidelik die volgende terme aan mnr Prince:

6.10.1 Intekentyd

6.10.2 Uittekentyd

(2 × 2) (4)

6.11 Gee die afkorting vir 'n Luukseklas-hotel. (2)
[40]

VRAAG 7: INTERNASIONALE SPOORWEG**TREINREISE** EN REISVERSEKERING

INTERNASIONALE TREINREISE

Jou passasier, mnr S. Mofokeng, reis later vanjaar na die ooskus van Australië en wil 'n multirit-treinkaartjie koop wat hom in staat sal stel om al langs die ooskus te kan reis.

Raadpleeg BYLAE F (aangeheg) en die inligting hier bo om die volgende vrae te beantwoord:

7.1 Watter multirit-treinkaartjie sal jy vir jou kliënt voorstel om te koop? (2)

7.2 Kan hierdie multirit-treinkaartjie in Australië gekoop word? Verduidelik jou antwoord. (2)

7.3 Sal mnt Mofokeng vir hom 'n spesifieke sitplek kan bespreek? Verduidelik jou antwoord. (2)

7.4 Wie sal vir 'n afslag op hierdie multirit-treinkaartjie kwalifiseer? (1)

7.5 Hoe lank ná die aankoopdatum is hierdie multirit-treinkaartjie geldig? (1)

7.6 Noem DRIE dokumente wat van buitelandse burgers vereis kan word. (3)

Kopiereg voorbehou

INTERNASIONALE REISVERSEKERING

Jy werk vir Mega Travel in Kaapstad (AIG-nommer AIG2930). Jou kliënte, mnr A. Selale en mev M. Selale het jou gevra om hulle te help met reisversekering vir hul reis na Londen. Hulle gaan vanaf 2 Desember tot 6 Desember in Londen wees. Hulle wil reisversekring uitneem wat bagasiebeskerming (teen diefstal) vir minstens R1 000 en mediese koste vir R5 000 000 bied. Hulle gaan kontant vir die versekering betaal.

MNR EN MEV SELALE SE BESONDERHEDE:

ID Mnr A. Selale:	601129 1923 123
ID Mev M. Selale:	690830 8324 086
Adres:	Pine-straat 10 Johannesburg 2021
Tel (H):	011 – 323 0987
Tel (W):	011 – 791 8392
Dokter:	Dr H. Omar
Tel:	011-656 2312

7.7 Watter versekeringsopsie sal jy vir jou kliënte aanbied? (2)

7.8 Bereken die totale koste vir ALBEI passasiers. (3)

7.9 Bereken die kommissie wat jou agentskap sal verdien. (3)

7.10 Raadpleg BYLAE G (aangeheg) en BYLAE H (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

7.10.1 Wat is die bybetaling op mediese uitgawes in die geval van 'n eis?

7.10.2 Watter bedrag word onder openbare vervoer (public conveyance) gedek?

7.10.3 Hoeveel dekking vir *natuurrampe* word op hierdie plan gegee?

7.10.4 Wat is die bybetalingsbedrag vir verkorting en kansellasie** (curtailment and cancellation)?

7.10.5 Hoeveel dekking sal mev Selale kry as haar bagasie gesteel word?

7.10.6 Wat is die bybetalingsbedrag vir persoonlike aanspreeklikheid?

(6 × 1) (6)

7.11 Voltooi die polisvorm op BYLAE L (aangeheg). (BYLAE M is ook aangeheg indien nodig.)

Skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie wat op die BYLAE daarvoor voorsien word, maak dit los van ddie eksamenvraestel en plaas dit binne-in jou ANTWOORDBOEK om in te handig. (15)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

BLAD MET BUITELANDSEVALUTA-KOERSE

Naam van geldeenheid	Valuta/geldeenheidkode	Verkoop	TT koop	Lugpos koop	Seepos koop
Zambiese kwacha	ZMK	0.4883	0.5264	0.0012	0.0543
Verenigde Arabiew Emirate dirham	AED	0.3910	0.4496	0.0548	0.0785
Thai baht	THB	3.7175	4.2951	4.3133	4.3214
Sweedse krona	SEK	0.6789	0.7124	0.7138	0.7143
Swazilandse lilangeni	SZL	2.0000	2.0000	2.000	2.0000
Singapoer- dollar	SGD	0.2119	0.2293	0.2297	0.2291
Seychelle rupee	SCR	1.0420	1.0000	1.0000	1.0000
Noorweegse krone	NOK	0.6537	0.6946	0.6968	0.6974
Nigeriese naira	NGN	14.2204	15.1111	1.0000	1.0000
Nieu-Seelandse dollar	NZD	0.2164	0.2242	0.2247	0.2252
Namibiese dollar	NAD	1.000.	1.0000	1.0000	1.0000
Mauritiaanse rupee	MUR	2.6867	2.9258	2.9428	2.9551
Malawiese kwacha	MWK	36.6334	39.3652	39.4662	39.9253
Lesotho loti	LSL	1.0000	1.0000	1.0000	1.0000
Keniaanse shilling	KES	7.2426	8.3351	8.4989	8.5627
Israeliese shekel	ILS	0.4169	0.4386	0.4391	0.4316
Indiese rupee	INR	6.5416	6.8683	6.8886	6.8973
Hongkong dollar	HKD	0.7875	0.8264	0.8277	0.8284
Deense krone	DKK	0.5922	0.6199	0.6211	0.6225
Sjinese yuan	CNY	0.6366	0.6718	0.1000	0.1000
Kanadese dollar	CAD	0.1179	0.2133	0.2137	0.2139
Botswana pula	BWP	0.8746	0.9655	0.9669	0.9618
Australiese dollar	AUD	0.1989	0.2148	0.2154	0.2161
Switserse frank	CHF	0.1896	0.1949	0.1951	0.1953
Japanese yen	JPY	9.9425	9.4727	9.4887	9.4958
Britse pond	GBP	19.6538	18.9117	18.9751	18.9631
Euro	EUR	16.4655	15.8145	15.8728	15.8599
VSA-dollar	USD	12.4411	11.0911	11.1725	11.1645

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

EUROPCAR

STANDAARDKWYTSKELDINGS

Groep		1–2 Dae 100 km gratis per dag	3–14 Dae 100 km gratis per dag	15+ Dae 100 km gratis per dag	Addisionele kilometres
J	**EDMN**	362	321	314	R2.65
A	**CDMN**	391	356	339	R2.87
T	**EDMR**	414	378	349	R2.93
B	**CDMR**	456	384	359	R2.98
C	**CCMR**	483	431	418	R3.92
D	**ICAR**	566	513	488	R4.74
F	**SDAR**	693	627	597	R4.88
G	**FDMR**	787	711	676	R5.46
H	**FDAR**	821	742	615	R6.12
O	**PDAR**	933	841	791	R6.45
V	**FVMR**	769	695	659	R5.15
E	**LVMR**	2 125	1 103	963	R8.37

Tariewe sluit in: Beperkte CDW, limited TLW, BTW, toerismeheffing, lughaweheffing
Tariewe sluit uit: Brandstof, PAI, kontrakfooi van R28.00, aflewering-en-afhaalkoste; eenrigtinggelde, addisionele bestuurder en ander diverse koste

SUPERKWYSTELDING

Groep		1–2 Dae 100 km gratis per dag	3–14 Dae 100 km gratis per dag	15+ Dae 100 km gratis per dag	Addisionele kilometres
J	**EDMN**	375	355	337	R2.65
A	**CDMN**	314	383	364	R2.87
T	**EDMR**	435	394	375	R2.93
B	**CDMR**	513	466	443	R2.98
C	**CCMR**	526	477	452	R3.92
D	**ICAR**	603	557	529	R4.74
F	**SDAR**	759	685	641	R4.88
G	**FDMR**	863	777	738	R5.46
H	**FDAR**	811	811	771	R6.12
O	**PDAR**	1 024	921	876	R6.45
V	**FVMR**	842	751	726	R5.15
E	**LVMR**	2 237	2 112	1 057	R8.37

Tariewe sluit in: SCDW, STLW, BTW, toerismeheffing, lughaweheffing
Tariewe sluit uit: Brandstof, POV, kontrakfooi van R28.00, aflewering-en-afhaalkoste; eenrigtinggelde, addisionele bestuurder en ander diverse koste

Kopiereg voorbehou

BYLAE C

OPSIE 1

Vaartnommer: SC0143



Toerskip: MSC Sinfonia
Reisplan: South Africa
Inskeephawe: Durban, Suid-Afrika
Duur: 3 Dae, 2 Nagte

	Binne	Buite met gedeeltelike uitsig	Buite	Balkon	Balkonsuites
Bella Experience	Kat. 1 R2 730	Cat. 2 R2 930	Nie beskikbaar	Cat. 4 R3 255	Nie beskikbaar
Fantastica	Kat. 2 R2 830	Nie beskikbaar	Kat. 3 R3 030	Cat. 5 R3 255	Kat. 6 R3 455

***Hawekoste: R350**

Dag	Datum	Hawe	Aankoms	Vertrek	Aktiwiteit
1	Saterdag, 27 Jan	Durban, Suid-Afrika	-	14:00	Vasgemeer
2	Sondag, 28 Jan	-	Ter See	-	-
3	Maandag, 29 Jan	Durban, Suid-Afrika	07:00	-	Vasgemeer

OPSIE 2

Vaartnommer: SC0298



Toerskip: MSC Sinfonia
Reisplan: Suid-Afrika
Inskeephawe: Kaapstad, Suid-Afrika
Duur: 4 Dae, 3 Nagte

	Binne	Buite met gedeeltelike uitsig	Buite	Balkon	Balkonsuites
Bella Experience	Kat. 1 R3 195	Kat. 3 R3 595	Nie beskikbaar	Kat. 5 R4 545	Nie beskikbaar
Fantastica	Kat. 2 R3 395	Nie beskikbaar	Kat. 4 R3 795	Kat. 6 R4 800	Kat. 7 R5 695

*** Hawekoste: R350**

Dag	Datum	Hawe	Aankoms	Vertrek	Aktiwiteit
1	Vrydag, 08 Apr	Kaapstad, Suid-Afrika	-	18:00	Vasgemeer
2	Saterdag, 09 Apr	Ter See	-	-	-
3	Sondag, 10 Apr	Ter See	-	-	-
4	Maandag, 11 Apr	Durban	07:00	-	Vasgemeer

Kopiereg voorbehou

BYLAE D

PARK PLAZA WESTMINSTER BRIDGE, LONDEN

4-STERHOTEL

Adres: Westminster Bridge Road 200, Londen SE! &UT, Verenigde Koninkryk
Telefoon: +44 844 415 6790
Webtuiste: http://www.parkplaza.com/westminster

Enkelkamer: GBP320 per kamer per nag
Dubbelkamer: GBP500 per kamer per nag

Hierdie stylvolle hotel is 6 minute se stap weg van die moltreine en nasionale treindiens by Waterloo-stasie en 12 minute se stap vanaf Westminster Abbey.

Moderne kamers en suites spog met gratis Wi-Fi; platskerm-TV, 'n bad, minikroeg en tee- en koffiemaakgeriewe, privaat terrasse, lieflike uitsigte en/of mini-kombuise. Kinders 11 jaar en jonger bly gratis saam met 2 volwassenes.

Geriewe sluit in 'n warm kontinentale buffetontbyt (gratis) en sjiek Franse, Japannese en tapasrestaurante, asook 'n koffiewinkel en 'n skemerkroeg. Daar is ook 'n Balinese dagspa en 'n binnenshuise swembad, asook 'n gimnasium, 31 vergaderlokale en 'n sakesentrum.

GERIEWE
Gratis Wi-Fi, binnenshuise swembad, wasgoeddiens, parkering, troeteldiervriendelik, kindervriendelike restaurante, fiksheidsentrum.

BELASTING: 10% Stadsbelasting per persoon

Kopiereg voorbehou

BYLAE E

THE RITZ, LONDON

5-STERHOTEL

Adres: Piccadilly 150, Londen W1J9BR, Verenigde Koninkryk
Telefoon: +44 20 7493 8181
Webtuiste: https://www.theritslondon.com

Enkelkamer: GBP700 per kamer per nag
Dubbelkamer: GBP1 100 per kamer per nag

Hierdie luukse, ikoniese 1906-hotel is in die bedrywige distrik van Mayfair en St James geleë en is 4 minute se stap vanaf die Royal Academy of Arts en 7 minute se stap vanaf Piccadilly Circus.

Die swierige kamers met Louis XVI-styldekor en antieke meubilering beskik oor gratis Wi-Fi, 'n platskerm-TV's, iPod-koppelstasie, bad en minikroeg. Suites spog met 'n bykomende leef/eetarea, vleuelklavier, huiskneg en vervoer van en na die lughawe in die hotel se Rolls Royce.

'n Vorstelike restaurant bied deftige aandetes, terwyl middagtee in 'n binnehof wat met palmbome omring is, bedien word. 'n Elegante art deco-kroeg bedien unieke skemerkelkies. Daar is ook 'n deftige salon wat spa-behandelings aanbied asook 'n ruimte vir funksies.

GERIEWE
Gratis Wi-Fi, betaalde parkering, wasgoeddiens, gratis ontbyt, swembad, sakesentrum, lughawe-pendeldiens

BELASTING: 10% Stadsbelasting per persoon

Kopiereg voorbehou

BYLAE F

1. QUEENSLAND KUSMULTIRIT-TREINKAARTJIE

Die Queensland Kusmultirit-treinkaartjie (wat voorheen as die Ooskusmultirit-treinkaartjie bekend gestaan het) stel jou in staat om die mees gewilde bestemmings langs die ooskus van Queensland te ontdek, met onbeperkte oornaggeleenthede in een rigting tussen Brisbane en Cairns.

Kwalifiserende vereistes
Die Queensland Kusmultirit-treinkaartjie is ontwerp om aan oorsese besoekers aan Australië verkoop te word. Dit kan in Australië gekoop word. Bewys van nie-Australiese adres mag vereis word – paspoort, bestuurderslisensie, huisadres, ensovoorts kan gebruik word om dit te bevestig.

Voorafbesprekings
Die reis moet binne 6 maande vanaf die aankoopdatum begin en die treinkaartjie gevalideer word.

Afslag
Kinders jonger as 4 jaar

Tipes en geldigheid
Die Queensland Kusmultirit-treinkaartjie sluit onbeperkte oornaggeleenthede in 'n enkele rigting oor 'n tydperk van een of twee maande in, met ingang vanaf die dag wat die treinkaartjie gevalideer word (eerste werklike reisdag).

Addisionele besonderhede
- Sitplekbesprekings moet vooraf gedoen word, aangesien die treinkaartjie self nie 'n sitplek waarborg nie.
- Dit is ontoelaatbaar om direk van Brisbane na Cairns te reis (of omgekeerd). Minstens een onderbreking van die reis is verpligtend.

2. DISCOVERY MULTIRIT-TREINKAARTJIE

Die Discovery Multirit-treinkaartjie bied toegang tot die hoofstede van Sydney, Brisbane, Melbourne en Canberra asook verbindings na meer as 365 plekke in Nieu-Suid-Wallis en verder. 'n Voorbeeld is die maklike verbindings tussen Sydney en Brisbane en Sydney en Melbourne, met 2 daaglikse dienste.

Kwalifiserende vereistes
Die Discovery Multirrit-treinkaartjie is aan enigeen beskikbaar.

Voorafbesprekings
Die reis moet binne 6 maande vanaf die aankoopdatum begin en die treinkaartjie gevalideer word.

Afslag
Kinders jonger as 4 jaar

Tipes en geldigheid
Laat onbeperkte reise toe vir 'n tydperk van 14 dae of oor 1, 3 of 6 maande, met ingang vanaf die dag waarop die treinkaartjie gevalideer word (eerste werklike reisdag) en verval om middernag van die laaste dag.

Addisionele besonderhede
- Sitplekbesprekings moet vooraf gedoen word, aangesien die treinkaartjie self nie 'n sitplek waarborg nie.
- Die kaartjie is nie geldig op dienste van NSW Train Link Intercity of Sydney Treindienste nie, behalwe wanneer jy in kombinasie met 'n verbindende NSW Train Link streeksdiens reis. Dit is nie geldig vir reise op die Great Southern Railway, Queensland Travel Train of Melbourne Met nie.

Kopiereg voorbehou

BYLAE G

VERSEKERDE GEBEURTENIS	**INDIVIDUEEL en FAMILIE**			**GROEP/INDIESE-OSEAANEILANDE**	**SENIORS**	**SUPER SENIORS**
BESONDERHEDE VAN VERSEKERDE GEBEURTENISSE	**PLATINUM**	**GOUD**	**SILWER**		**70-70 JAAR**	**80-84 JAAR**
1. MEDIESE & VERWANTE ONKOSTE Bybetaling 1-6 maande: R500 Meer as 6 maande: R2 000 Seniors (70-79): R2 500 Super Seniors (80-84): R2 000	R45 000 000	R35 000 000	R5 000 000	R20 000 000	R15 000 000	R1 000 000
Mediese Onkoste Terrorisme-uitbreiding	R45 000 000	R35 000 000	R5 000 000	R20 000 000	R15 000 000	R1 000 000
1A Bestaande Mediese Uitbreiding	R300 000	Nul	Nul	Nul	Nul	Nul
1B Mediese Ontruiming of Repatriasie	Werklike Uitgawe	Werklike Uitgawe	Werklike Uitgawe	Werklike Uitgawe	R1 000 000	R1 000 000
1C Hospitaalverblyf (R750/dag)	R20 000	R15 000	R2 000	R2 500	Nil	Nil
1D Opvolgbehandeling in Suid-Afrika	R20 000	R15 000	R10 000	R10 000	R5 000	R5 000
2. PERSOONLIKE ONGELUK						
2A 24-Uur	R750 000	R500 000	R100 000	R500 000	Nil	Nil
2B Tydens vlug	R900 000	R700 000	R100 000	R500 000	Nil	Nil
Terrorisme-uitbreiding	R850 000	R500 000	R100 000	R500 000	Nil	Nil
3. KANSELLASIE OF VERKORTING (BYBETALING)	R30 000	R35 000	R10 000	R25 000	R20 000	R10 000
4. BAGASIE, REISDOKUMENTE, BAGASIEVERTRAGING	Bybetaling R700					
4A Diefstal of beskadiging van bagasie	R30 000	R25 000	R2 000	R20 000	R15 000	R10 000
Onvoorsiene Verlies van Bagasie	R10 000	R7 000	R500	R5 000	R3 000	R2 000
Diefstal van Geld, Kredietkaarte en Reisigerstjeks	R10 500	R7 000	R2 500	R2 000	R2 000	R900
4B Bagasievertraging (langer as 6 ure vertraag)	R3 000	R2 000	Nil	R2 500	R900	R500
5. REISVERTRAGING EN VERPASTE VERBINDING (Bybetaling R500)						
5A Reisvertraging (langer as 4 ure vertraag)	R2 000	R2 000	Nil	R1 000	R1 000	R500
5B Reis Verpaste Verbinding (langer as 6 ure)	R15 000	R10 500	Nil	R2 000	R2 000	R1 000
6. PERSOONLIKE ANSPREEKLIKHEID (Bybetaling R1 500)	R5 000 000	R4 000 000	R1 000 000	R4 000 000	R4 000 000	R1 000 000
7. KAPING, ONTVOERING, WEDERREGTELIKE AANHOUDING						
7A Kaping	R45 000	R35 000	Nil	R15 000	R15 000	R7 000
7B Ontvoering en Wederregtelike Aanhouding	R3 000 000	R1 500 000	Nil	Nil	Nil	Nil
8. NATUURRAMPE (Bybetaling 48 uur)	R5 000	R3 000	Nil	R3 000	Nil	Nil

Kopiereg voorbehou

BYLAE H

9. IDENTITEITSDIEFSTAL	R3 000	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil
10. RED 24	Bystandsdienste	Bystandsdienste	Bystandsdienste	Bystandsdienste	Bystandsdienste	Bystandsdienste
11. KAT- EN HONDEHOTEL	R6 000	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil

INDIVIDUELE DEKKING			
OUDERDOM: 3 maande– 69 jaar ingesl.	**PLATINUM**	**GOUD**	**SILWER**
1-7 Dae	R620	R400	R280
8-15 Dae	R1 340	R910	R590
16-31 Dae	R2 200	R1 460	R1 010
32-47 Dae	NVT	R2 410	R1 490
48-62 Dae	NVT	R2 610	R1 690
63-92 Dae	NVT	R3 090	R2 560
93-185 Dae	NVT	R4 410	R3 590
Jaarliks	NVT	R7 330	R6 110

INDIESE-OSEAANEILANDE		
OUDERDOM: 3 maande- 69 jaar ingesl.	**PLATINUM**	**GOUD**
1-8 Dae	R400	R1 060
9 Dae en meer	R48 p.p. per dag	R78 p.p. per dag
GROEPE (SLEGS VIR 10 OF MEER)		
OUDEROM: 3 maande–69 jaar ingesl.		**GOUD**
Daagliks		R35 p.p. per day

*Maksimum 30 dae

*Minimum 4 dae

LW: ALLE TARIEWE SLUIT 20% KOMMISSIE IN.

DIE DEKKING SOOS HIER BO UITEEGESIT, IS ONDERHEWIG AAN BEPALINGS, VOORWAARDES EN UITSLUITINGS WAT IN DIE AIG-POLIS GENOEM WORD.

Kopiereg voorbehou

BYLAE I **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Europcar motorhuur	Reg. No 05/13135/07	**TRAVEL AGENT CHARGE VOUCHER REISAGENTDEBIETBEWYS**	T
Renter's Name Naam van Huurder	Car Group Motorgroep	Date of Issue Uitreikingsdatum	Issuer's Stamp Uitreiker se Stempel
Renting Office Huurkantoor / Date Datum / Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's Name Uitreiker se Naam	
Return Office Terugsendingskantoor		Issuer Uitreiker SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	
Voucher value – Unlimited unless specified hereunder Motorhuurbewys-waarde – Onbeperk tensy anders hier onder gemeld			
Remarks Opmerkings	Europcar Reservation Reference Europcar Besprekingsverwysing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKING ID-NOMMER	

Europcar motorhuur	Reg. No 05/13135/07	**REISAGENTVERWYSINGSBEWYS**	R
Renter's Name Naam van Huurder	Car Group Motorgroep	Date of Issue Uitreikingsdatum	Issuer's Stamp Uitreiker se Stempel
Renting Office Huurkantoor / Date Datum / Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's Name Uitreiker se Naam	
Return Office Terugsendingskantoor		Issuer Uitreiker SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	
Method of Payment (If Bank card, state number) Metode van Betaling (Indien Bankkaart, meld nommer)			
Remarks Opmerkings	Europcar Reservation Reference Europcar Besprekingsverwysing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKING ID-NOMMER	

Kopiereg voorbehou

BYLAE J **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Europcar motorhuur	Reg. No 05/13135/07	**TRAVEL AGENT CHARGE VOUCHER REISAGENTDEBIETBEWYS**	T

Renter's Name Naam van Huurder			Car Group Motorgroep	Date of Issue Uitreikingsdatum	Issuer's Stamp Uitreiker se Stempel
Renting Office Huurkantoor	Date Datum	Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's Name Uitreiker se Naam	
Return Office Terugsendingskantoor				Issuer Uitreiker SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	
Voucher value – Unlimited unless specified hereunder Motorhuurbewys-waarde – Onbeperk tensy anders hieronder gemeld					

Remarks Opmerkings	Europcar Reservation Reference Europcar Besprekingsverwysing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKING ID-NOMMER

Europcar motorhuur	Reg. No 05/13135/07	**TRAVEL AGENT REFERRAL VOUCHER REISAGENT-VERWYSINGSBEWYS**	R

Renter's Name Naam van Huurder			Car Group Motorgroep	Date of Issue Uitreikingsdatum	Issuer's Stamp Uitreiker se Stempel
Renting Office Huurkantoor	Date Datum	Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's Name Uitreiker se Naam	
Return Office Terugsendingskantoor				Issuer Uitreiker SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	
Method of Payment (If Bank card, state number) Metode van Betaling (Indien Bankkaart, meld nommer)					

Remarks Opmerkings	Europcar Reservation Reference Europcar Besprekingsverwysing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKING ID-NOMMER

BYLAE K **EKSAMENNOMMER:**

TREK AFRICA TOURS & TRAVEL						
PASSASIER SE NAAM						
HOTEL			ADRES			
VEREISTES			TEL:			
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM		TARIEF			
REKENING	VOLLE REKENING		BESPREEK DEUR	DATUM	BEVESTIG DEUR	DATUM
	EKSTRA VIR DIREKTE VEREFFENING		OPMERKINGS			

TREK AFRICA TOURS & TRAVEL						
PASSASIER SE NAAM						
HOTEL			ADRES			
VEREISTES			TEL:			
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM		TARIEF			
REKENING	VOLLE REKENING		BESPREEK DEUR	DATUM	BEVESTIG DEUR	DATUM
	EKSTRA VIR DIREKTE VEREFFENING		OPMERKINGS			

Kopiereg voorbehou

BYLAE L

AANSOEK OM REISVERSEKERING

NAAM VAN AGENTSKAP:		**TAK:**			**KONSULTANT:**		**AGENTSKAP SKODE:**	
VERSEKERDE PERSOON/PERSONE SE VAN	VOORLETTERS	GESLAG	GEBOORTEDATUM	BEGUNSTIGDE	ID/PASPOORTNOMMER	TIPE DEKKING	PRODUK	TOTALE PREMIE
1								
2								
3								
4								
								R

Beplan u om vir meer as 190 dae in een land te bly? Ja/Nee

Is die openbarevervoerkaartjies met 'n geldige Suid-Afrikaanse kredietkaart betaal? Ja/Nee

Persoon in beheer van minderjarige/gestremde kinders: _____

Persoon wie die versekerde gaan besoek terwyl op reis: _____

Tydperk van versekeringsdekking Vanaf: _____ Tot: _____

Totale aantal dae _____ (albei dae ingesluit)

Verste bestemming: _____

Posadres: _____

_____

_____

Poskode: _____

Tel (H) _____

Tel (W) _____

Huisdokter se naam: _____

Huisdokter se telno: _____

Verklaring:

1. Ek aanvaar die vlakke van die gekose dekking en sal nie enige addisionele betaling van die onderskrywers vir eise wat die versekerde bedrae oorskry, verwag nie.

2.Ek verklaar dat alle versekerde persone in goeie gesondheid verkeer en FIT fisies geskik is om te reis.

3. Ek/ons aanvaar hiermee die voorwaardes van hierdie beleidsdokument wat ek ontvang en bestudeer het.

4. Ek magtig hiermee AIG om in 'n noodgeval my dokter te bel.

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

Datum: _____ Datum: _____

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BYLAE M

AANSOEK OM REISVERSEKERING

NAAM VAN AGENTSKAP:		**TAK:**			**KONSULTANT:**		**AGENTSKAP SKODE:**	
VERSEKERDE PERSOON/PERSONE SE VAN	VOORLETTERS	GESLAG	GEBOORTEDATUM	BEGUNSTIGDE	ID/PASPOORTNOMMER	TIPE DEKKING	PRODUK	TOTALE PREMIE
1								
2								
3								
4								
								R

Beplan u om vir meer as 190 dae in een land te bly? Ja/Nee

Is die openbarevervoerkaartjies met 'n geldige Suid-Afrikaanse kredietkaart betaal? Ja/Nee

Persoon in beheer van minderjarige/gestremde kinders: _____

Persoon wie die versekerde gaan besoek terwyl op reis: _____

Tydperk van versekeringsdekking Van: _____ Tot: _____

Posadres: _____

Totale aantal dae _____ (albei dae ingesluit)

Poskode: _____

Verste bestemming: _____

Tel (H) _____

Tel (W) _____

Huisdokter se naam: _____

Huisdokter se telno: _____

Verklaring:

1. Ek aanvaar die vlakke van die gekose dekking en sal nie enige addisionele betaling van die onderskrywers vir eise wat die versekerde bedrae oorskry, verwag nie

2.Ek verklaar dat alle versekerde persone in goeie gesondheid verkeer en FIT fisies geskik is om te reis.

3. Ek/ons aanvaar hiermee die voorwaardes van hierdie beleidsdokument wat ek ontvang en bestudeer het.

4. Ek magtig hiermee AIG om in 'n noodgeval my dokter te bel.

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

Datum: _____ Datum: _____

Kopiereg voorbehou